

Gereformeerde Kerk Bellville – 1 Januarie 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-5:1, 2, 3 (35:1, 2, 3)

- 1 O dieptes vol geheimenis / wat vir ons oog onpeilbaar is!
O wysheidsbron en kennis wat / die som van alle dinge omvat!
Nog dieper as die hemelrond / is God se oordeel, sonder grond.
En dieper as die diepste seë, / so onnaspeurlik is sy weë.
- 2 Het ooit 'n mens of hemeling / in Gods gedagtes deurgedring?
Of wie is daar so groot van gees, / dat Hy sý raadsman ooit kan wees?
Wie 't eers aan God so'n guns bewys / dat hy van Hom vergelding eis?
Wat is by God, so onvolprese, / die mens dan in sy waarde en wese?
- 3 Uit Hom – die Bron van alle goed; / deur Hom – wat alles dra en voed;
tot Hom – die eind van al wat streef, / wat is en word, wat roer en sweef,
tot Hom is alle dinge wat / Hy met een wilsgreep gans omvat,
Aan Hom, die God wat ewig lewe, / sy ewig lof en eer gegewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Gebed

Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Skriflesing: Deuteronomium 6:1-9; Matteus 28:16-20;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 8:25

Kernvers: Matteus 28:19

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. (Matteus 28:19 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees (a)?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

(a) Deut 6:4; Efes 4:6; Jes 44:6; 45:5; 1 Kor 8:4, 6. (b) Jes 61:1; Luk 4:18; Gen 1:2, 3; Ps 33:6; Jes 48:16; Matt 3:16, 17; 28:19; Jes 6:1, 3; Joh 14:26; 15:26; 2 Kor 13:13; Gal 4:6; Efes 2:18; Tit 3:5, 6.

Tema: Die troos om die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, te ken

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die vraagsteller wat in ons Heidelbergse Kategismus in gesprek is met die gelowige het nou gehoor hoe die Twaalf Artikels ingedeel word. Hy het gehoor van God die Vader wat die Skepper is, God die Seun wat die Verlosser is en God die Heilige Gees wat die Heiligmaker is. Waarskynlik is dit na aanleiding van die drie maal noem van die Naam *God* wat hom dring om die volgende vraag aan die gelowige te vra: ***Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?***

Uit die vraag hoor 'n mens dat hierdie vraagsteller nog nie 'n gelowige is nie. Hy distansieer homself van die gelowige, want hy vra direk aan die gelowige: *Waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees?*

Hierdie vraag word nie uit blote nuuskierigheid gevra nie. Die vraagsteller bedoel ook nie om met hierdie vraag die gelowige in te loop of te verkleineer nie. Hy vra sy vraag met groot erns. Uit die Skriftuurlike antwoorde wat die gelowige aan die hand van Sondag 3 tot 7 al aan hom gegee het, het die Heilige Gees al ontsag vir God by die vraagsteller gewek. Hy weet dat God heilig is en 'n mens nie sommer moet dink dat jy van God kan praat soos wat jy dink nie.

Bowendien hoor 'n mens ook uit die vraag dat die vraagsteller beslis weet dat daar net een God is. Miskien het hy dit iewers in die Bybel gelees of iemand anders daarvoor hoor praat. Hoe hy ook al te wete gekom het dat daar net een God is, maak nie saak nie. Wanneer jy as gelowige iemand moet antwoord wat so 'n vraag aan jou stel, moet 'n mens dit met groot eerbied vir God en in alle opregtheid teenoor die vraagsteller beantwoord.

Vir die vraagsteller is dit moeilik om in te sien dat daar van een God as Vader, Seun en Heilige Gees gepraat word. Maar dit is nie net die vraagsteller wat dit moeilik het met hierdie vraag nie; elke gelowige het dit moeilik met hierdie vraag. Teoloë het dit ook moeilik met hierdie vraag. Luister net hoe het Atanasius dit geformuleer: ***Die Vader is ewig, die Seun is ewig, die Heilige Gees is ewig. Nogtans is daar nie drie ewiges nie maar een Ewige. Eweneens is die Vader almagtig, die Seun almagtig, die Heilige Gees almagtig; en tog is daar nie drie almagtiges nie maar een Almagtige. So ook is die Vader God, die Seun God, die Heilige Gees God; en tog is daar nie drie gode nie maar een God. Net so is die Vader Here, die Seun Here, die Heilige Gees Here; en tog is daar nie drie heres nie maar een Here. Want soos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke Persoon afsonderlik God en Here te noem, word ons ook deur die algemene geloof verbied om drie gode of heres te bely.***

Indien dit vir iemand soos Atanasius moeilik was om sy verstaan van die Drie-enigheid van God onder woorde te bring en dit vir gelowiges vandag steeds moeilik is, kan 'n mens begryp dat die vraagsteller dit werklik moeilik het. Daarom is die beste en Skriftuurlike antwoord op die vraag die antwoord wat in ons Kategismus geformuleer is: ***Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.*** Met hierdie antwoord probeer die gelowige die Drie-eenheid van God nie vir die vraagsteller uit te lê en te verklaar nie. Met hierdie antwoord sê die gelowige eintlik dat hy self dit ook nie kan verstaan nie, maar hy glo dit omdat God Homself so in sy Woord geopenbaar het.

Broers, susters en kinders, die gelowige kan met die vraagsteller heelhartig saamstem. Daar is inderdaad net een lewende God – die God van hemel en aarde. Hy kan nie gedeel

word nie, want ons bely dat Hy net **een, enige goddelike Wese** is. Maar vir hierdie vraagsteller kan die gelowige wys hoe die Here van Homself in die eerste hoofstuk van Genesis praat.

Voordat God die mens skep, sê Hy:

Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis. (Genesis 1:26 AFR53)

Die Here praat van Homself in die meervoud. Hy beraadslaag met Homself voordat Hy die mens skep. Hierdie woorde van die Here wys ons daarop dat daar in God meer as een Persoon of selfstandigheid moet wees. Hoeveel Persone in God is, sê die Here nie nou al vir ons nie. Ons kan uit Genesis 1 alleen agterkom dat daar ten minste twee Persone in die Wese van God moet wees, want ons hoor van die Gees van God wat oor die waters gesweef het en ons hoor van God wat geskep het deur te praat. Ja, God hou rekening met die be-perktheid van die mens se verstand wanneer Hy Homself aan ons bekendstel. Hy oorweldig ons nie met sy volle openbaring op een slag nie.

Daarom, wat vir ons in die Ou Testament nog moeilik is om te verstaan omdat dit nog nie volledig geopenbaar is nie, is in die Nuwe Testament baie duideliker. Telkens by die groot momente in die lewe van Jesus Christus hoor ons dat daar drie Persone in God is. U kan die Skrifgedeeltes self maar gaan lees waar die aankondiging van Jesus se geboorte en sy doop aan ons berig word. Ook wanneer Jesus in daardie aand voor sy kruisdood sy dissipels onderrig, sê Hy dat Hy sy Vader sal vra om die Heilige Gees na sy kerk te stuur. En uiteindelik hoor ons ook uit Jesus se mond dat daar drie Persone in God is kort voordat Hy na die hemel opvaar.

Kom ons let dan nou kortliks op hierdie woorde van Jesus. Jesus beveel sy dissipels om na al die nasies toe te gaan. Hulle moet die mense **doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees** (Matteus 28:19 AFR53). Hier sien en hoor 'n mens dit baie duidelik. Jesus beveel dat die mense gedoop moet word *in die Naam*. Hy sê daar is net een Naam. Die Vader en die Seun en die Heilige Gees het net een Naam omdat hulle net een Wese is. En hierdie Naam is God. God is een. Maar in God is daar meer as een Persoon. Hulle is drie Persone – die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Die Vader, Seun en die Heilige Gees is nie drie verskillende stadiums van God nie. Sabellius is 'n dwaalleraar wat gesê het dat die Vader, Seun en Heilige Gees drie verskillende be-staanswyses van die een God is. Tydens die Skepping en die hele tyd van die Ou Testament sou God net as Vader bestaan het. Met die verlossing deur Christus het God as die Seun bestaan. En van Pinkster af bestaan God as die Heilige Gees. Indien dit waar sou wees, sou dit beteken dat as dit nou die stadium van die Gees is, die Vader en die Seun nie meer bestaan nie. En dan kan die gelowige mos nie ook tot God die Vader bid nie. Dit kan tog nie wees nie. God is tog ewig, daarom is die Vader ewig, die Seun is ewig en die Heilige Gees is ewig. Nooit verdwyn een van hulle nie en nooit word die een deur die ander een opgeneem om nie meer alleen te bestaan nie. Van ewigheid tot ewigheid bestaan die Vader, die Seun en die Heilige Gees en hulle is die een, ewige God in wie ons glo.

U kom dus agter, geliefdes, dat die gelowige glad nie argumenteer of probeer om te verstaan hoe die drie Heilige Persone ons een God kan wees of hoe die een God tegelykertyd Vader, Seun en Heilige Gees kan wees nie. Ons glo en bely dit eenvoudig omdat die Here Homself so aan ons bekendstel in sy heilige Woord.

Maar nadat ons dit alles gesê, moet ons ook daarby uitkom om te sê wat dit vir ons

betekén om te weet dat God Drie-enig is. Om dit te kan sê, let ons op die werk wat ons Drie-enige God doen. God die Vader is die Skepper. Hy is die bron, oorsprong en oorsaak van alles wat bestaan. Alles wat bestaan het Hy uit niks geskep. Mense is die maaksel van sy hande. Ons plek voor hierdie almagtige Skepper is die van skepsels. En tog is ons nie sommer maar net goeters wat Hy geskep het nie. Hy het ons geskep om in die ewige heerlikheid in te gaan waar ons Hom ewig en volmaak sal dien.

Maar daar is 'n droewige stuk geskiedenis ná die skepping van die mens. Die mense het self 'n onoorbrugbare kloof tussen hulle en God veroorsaak. Met hardkoppigheid en eiewysheid het hulle besluit om eerder na die Satan as na hulle goeie God te luister. En selfs na die sondeval het die Vader sy mense nie soos goeters behandel nie. Hy het hulle nog steeds baie lief gehad. Hy het hulle steeds met liefde versorg sodat hulle in die lewe kon bly.

Om egter net te bly lewe was vir die Vader nie genoeg nie. Sy mense moes weer saam met Hom lewe. Daarom het Hy ook sy geliefde Seun mens laat word. God die Seun het mens geword sodat Hy Homself in mense se plek aan die kruis kon offer. Met sy liggaam en bloed het Hy 'n brug oor hierdie onoorbrugbare kloof kom slaan. Deur Jesus Christus kan gelowiges as kinders van God weer met vrymoedigheid na hulle hemelse Vader gaan. Gelowiges kan na God die Vader gaan en met vertrouwe hulle lewens in sy hande oorgee. God die Seun het hulle verlos omdat Hy saam met sy Vader wil hê dat hulle in die ewige heerlikheid sal ingaan.

Daar hou ons God se werk met en vir sy mense ook nie op nie. God betrek Homself nog baie meer intiem in die lewe van sy mense. Die Vader en die Seun stuur God die Heilige Gees om in elkeen van sy kinders te woon en te werk. Die Heilige Gees kom maak gelowiges van binne af heilig sodat hulle die ewige heerlikheid waarin hulle moet ingaan waardig kan wees. Hy lei hulle voortdurend tot berou oor hulle sondes, leer hulle om die ou mens af te sterf en wek in hulle die nuwe mens op, die mens wat die koninkryk van God mag beërwe.

Geliefdes, wanneer ons bely dat ons glo in die een enige Wese, ons God, in wie daar drie Persone is, bely ons die evangelie van God. Dit is die evangelie waarin ons God se Vaderhart vol liefde vir mense hoor klop. Dit is die evangelie waarin ons God se liefde vir mense in sy Seun geopenbaar sien. Dit is die evangelie waarin ons God se liefde in gelowiges se lewens sien werklikheid word deur die werk van die Heilige Gees deurdat die beeld van Christus al duideliker in hulle optrede na vore kom.

So openbaar die Here ons God Homself in waarheid aan ons. In die Ou en Nuwe Testament is die getuienisse oor hierdie een God in drie Persone oorvloedig. Wee die mens wat hierdie openbaring van die Here self nie wil aanvaar en glo nie. Solank as wat hy die Here nie wil glo nie, sal hy sonder enige twyfel ewig verlore gaan. Salig is egter die mens wat die Here glo soos wat Hy Hom aan die mens openbaar, want deur hierdie geloof gee die Drie-enige God aan hom die ewige lewe.

Geliefdes, alhoewel die leer oor die Drie-enigheid van God moeilik is om te begryp, is dit nie 'n leerstuk wat ons maar kan ignoreer nie. In die belydenis van Atanasius is dit skerp geformuleer: **Wie dus salig wil word, moet so oor die Drie-eenheid dink. As iemand dit nie heeltemal en ongeskonde bewaar nie, sal hy sonder twyfel ewig verlore gaan.**

'n Ware gelowige mag dus nooit sê: God het Homself nou wel as Vader, Seun en Heilige Gees geopenbaar, maar ek sou nie armer gewees het as ek dit nie geweet het nie. Maar

as Jesus van my weggeneem word, ja, dan sal ek heel arm wees. So mag 'n mens nie praat nie.

Dink daaraan: As God nie Drie-enig was nie, hoe sou Hy 'n Seun kon hê wat Hy na hierdie wêreld gestuur het om vir mense te sterf en weer op te staan? As God net Vader was dan was daar geen Jesus nie en bestaan daar ook geen verlossing nie. Die een Persoon van God is ten nouste aan die ander Een verbonde. Verlossing en saligheid is slegs moontlik as daar 'n Vader is wat die wêreld so liefhet dat Hy sy Seun gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. En dit sal slegs vir die mens moontlik wees om in Christus te glo as die Heilige Gees binne-in die mens werksaam word met die Woord van God. Wie die leerstuk van die Drie-eenheid van God kwytraak, raak ook sy Verlosser kwy.

Dit is in hierdie troostelose toestand waarin die mense is wat nie wil erken dat Jesus Christus die Seun van die lewende God is nie – mense soos die Jode en die Moslems. Hulle ken net een God wat ver van die mens af is en Hom weinig met die mens bemoei. Maar hoe troosryk is dit nie vir die gelowige wat weet dat die hoog verhewe God wat in 'n ontoeganklike lig woon nie ver weg bly van die mens en sy ellende nie! Hy is ook God met ons – Immanuel. Ja, nog inniger kom Hy, die Heilige Gees, en maak mense die woonplek van Homself – mense wat deur Christus verlos is sodat Hy hulle kan heilig maak vir die Vader en die Seun.

Hoe ryk is elkeen wat gedoop is? Die Drie-enige God het Homself in elkeen van sy Persone persoonlik aan daardie mens verbind. Hy is die Vader wat elkeen van jou behoeftes ken en jou versorg sodat jy aan niks tekort het nie. Hy is die almagtige Vader wat selfs die kwaad van jou kan afweer of tot jou beswil beskik. Hy is die Seun wat met sy eie kosbare bloed jou losgekoop het van die heerskappy van die duiwel. Hy is die Heilige Gees wat verseker in jou wil woon en tot jou eiendom maak alles wat Christus aan die kruis verdien het.

Wat baat dit ons dat ons weet dat die een God in drie Persone bestaan?

- Dit maak ons klein. God het ons nie nodig nie. Hy is regtig nie eensaam sonder ons nie. God het immers voor die skepping van hemel en aarde sonder mense geleef.
- God het egter na mense toe gekom. En elkeen van die drie Persone soek die beste vir mense. Hulle werk saam aan die verlossing. Die Vader werk die Seun nie teë nie en die Heilige Gees staan nooit in die pad van die Seun nie, want Hulle is Een.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 19-3:1, 2, 3, 4 (25:1, 2, 3, 4) (melodie van Ps 134)

- 1 Genade en vrede sy oor ons / van God wat in die hemel woon,
wat is, wat was en kom, en van / die sewe Geeste voor sy troon;
- 2 van Jesus Christus, onse Heer, / in sy getuig'nis altyd trou;
die Eersgeboorne uit die dood, / wat dood en doodsmag nie kon hou,
- 3 wat oor die konings heers tot hul / die krone neerwerp aan sy voet –
Hy wat ons liefgehad het en / ons rein gewas het in sy bloed!
- 4 Tot konings het Hy ons gemaak, / tot priesters om sy Vader te eër;
Hom sy vir ewig eer en krag, / wat nou oor alles triomfeer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
1 Januarie 2017